Varswaterhengel

Een van die grootste bekorings van visvang is dat dit, van al die sportsoorte, die beste geleentheid bied om die wonders en die skoonheid van die natuur te geniet.
- J. J . Manley

Doelwit: Om die Verkenner 'n beter begrip te gee van varswaterhengel as sport, die tydverdryf gepaardgaande met hengel te beleef en die geleentheid om die natuur van naderby te leer ken.

Weergawe: 2009

Datum: Januarie 2009

Begronding

Voortrekkerkode:

6: 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7: 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8: 'n Voortrekker neem leiding.
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: As Christene het ons in die kultuuropdrag die verantwoordelikheid gekry om oor die skepping te heers en dit ook te bewaar. Ons moet dus die natuur gebruik om aan ons basiese behoeftes en ontspanning te voorsien. As landsburgers en koninkryksburgers moet ons die leiding neem om die natuurlike hulpbronne vir ons nageslag te bewaar. Om sinvolle bewaring te doen moet ons die natuur goed verstaan en ken. Hierdie oplettendheid in die natuur gaan ons ook nader aan God bring, want Hy openbaar Homself deur Sy skepping

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in span-/groepsverband afgehandel word. • Kundige persone moet die verskillende fasette van die spesialisasie aanbied.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Bewus wees van die verskillende soorte varswaterhengel. (Hengel met enige aas, kunsaas hengel, vlieghengel) en besef by watter soort hy betrokke wil raak.

2. Kennis dra van die volgende en dit met vertroue kan gebruik:
   - 2.1 Visstokke.
   - 2.2 Katrolle.
   - 2.3 Lyn.
   - 2.4 Voorloper ("Leader").
   - 2.5 Stroppe ("Traces").
   - 2.6 Hoeke.
   - 2.7 Kunsaas
   - 2.8 Sinkers.
   - 2.9 Knope.
   - 2.10 Ander gerei.

3. Die verskillende soorte aas ken, weet waarvoor elkeen gebruik word asook waar en hoe dit uitgehaal word.

Varswaterhengel

4. Kennis dra van die volgende tegnieke en dit met vertroue kan uitvoer:
   - 4.1 Gooi tegnieke (“Casting”).
   - 4.2 Wag vir ’n byt.
   - 4.3 Kaptegnieke.
   - 4.4 Speel met die vis.
   - 4.5 Landing.

5. Deur ‘n beampte van die Provinsiale Natuurbewaring toegelig word ten opsigte van die Reëls en Regulasies en Mariene Hulpbron bewaringswetgewing. Hierna moet die Verkenner al die wetlike aspekte (van lisensies vir hengel, permitte vir aas uithaal, hengel in natuur resevate, kwotas en minumum groottes) verstaan en weet waar die lisensies en permitte verkry moet word.

6. Weet hoe word visse gemerk en wat om te doen indien gemerkte visse gevang word.

7. Kennis dra van die kriteria wat aangewend word by die keuse van visvangplekke en ’n visvangplek identifiseer waar die Verkenner sy varswaterhengel gaan beoefen.

8. Die invloed van die natuur op visgedrag en vangste kan bespreek in terme van water temperatuur, seisoene, waterkleur, maanstand en natuurlike elemente om sodoende die beste hengeltyd te bepaal.

9. Bewus wees van die gevare van visvang en die noodhulp ken wat mees waarskynlik langs die hengelwater benodig gaan word en dit kan toepas.

10. Kennis dra van georganiseerde hengel soos by klubs en unies en wat die vereistes is om ’n hengel rekord op te stel of ’n vis as ‘n rekordvangs te laat kwalifiseer en te laat lys.

11. Ten minste vyf erkende varswaterspesies wat gehengel word, kan uitken.

12. Verder moet die Verkenner 3 inheemse varswater visspesies kan identifiseer.

13. Die Verkenner moet ook 3 uitheems varswater visspesies kan identifiseer en weet hoekom hul aanvanklik ingevoer is en watter nut of gevaar hul vir ons inheemse visspesies inhou.

14. Die Verkenner moet nou ’n hengeluitstappe reël, en die nodig voorbereiding aan hand van al die bogenoemde punte doen om vir ten minste 16 ure lank sy verkose soort varswaterhengel te kan beoefen.

15. Weet wat om met sy vangs te doen nadat die vis op land is.

16. Die Verkenner moet dan die vangs kan voorberei en gaarmaak vir ete.